e Hervormer

WEEKLIKSE NUUSBRIEF MET KOMMUNIKASIE EN KOMMENTAAR

22 Januarie 2008
Jaargang 1 – Uitgawe 41

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op
e-Hervormer

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

Stuur 'n e-pos na epos@hervormer.co.za of besoek die webwerf by www.hervormer.co.za en kliek op die 'Teken in'-opsie.

VOORBLAD

GKSA Sinode 2009

Gereformeerde Kerke en vroue in die amp

Die Sinode van die GKSA het tydens sy sitting vandeesmaand 'n besluit wat tydens die Sinode van 2003 geneem is, bekragtig. Vroue mag in die amp van diaken dien. In 2006 was daar eers 'n beswaarskrif wat dit genoodsaak het dat die besluit oorgestaan het tot 2009.

Die saak van vroue in die ouderlingamp en as predikante het ook weer ter tafel gekom. Soos in die meeste kerke waar hierdie debatte al gevoer is, was daar rapporte van teoloë wat die saak ondersoek het in die lig van die Skrif en belydenis, en met verwysing na die spesifieke ampsbeskouing wat in gereformeerde teologie nog altyd gedien het. Die interessante bevinding was dat daar nie een duidelike en eenduidige bevinding is nie. Dit sal uiteindelik afhang van watter interpretasie die swaarste gaan weeg. Die gevolg was een waarmee sinodes goed vertroud is – dit word verwys vir verdere studie. Daaruit het ook iets gevolg wat baie interessant is – die Sinode is nie afgesluit nie. Dit het verdaag en kan weer opgeroep word om werksaamhede te hervat wanneer daar gedink word dat alles gereed is vir besluitneming.

Vanuit die gereformeerde kerkbeskouing van die selfstandigheid van die plaaslike kerk (gemeente), het die gedagte selfs na vore gekom dat gemeentes self kan besluit of hulle vroue tot die ampte van ouderling en predikant sal toelaat. Dit is vir die gereformeerde denke so 'n ingrypende saak dat 'n mens moet wonder oor wat die implikasies vir die kerkverband kan wees indien gemeentes wel daartoe sou oorgaan. Daar is reeds oor hierdie en ander sake plaaslike kerke wat die posisie van dolerende gemeentes ingeneem het. In kort kom dit daarop neer dat dié gemeentes besluit het dat die wyer kerkverband standpunte ingeneem het waaroor hulle "treur" en dat hulle oorweeg of hulle nog binne die kerkverband wil wees.

Wat dit vir die GKSA nog moeiliker maak, is dat hulle volgens hulle kerkbeskouing met ander gereformeerde kerke ekumeniese verhoudings het wat bekend staan as "korrespondensie". Dit wil sê, dit is denominasies met wie hulle dit eens is in leer, diens en tug. Van hierdie denominasies het al op die GKSA 'n ernstige beroep gedoen om nie die besluit oor vroue in die amp te neem nie. Dit sou kon lei tot verbreking van bande.

Alhoewel daar tussen die Hervormde Kerk en die GKSA verskille is in Skrifinterpretasie en byvoorbeeld kerkbeskouing, word die hele kerklike gemeenskap tog geraak deur besluite wat hulle neem. Ons bid hulle sterkte en wysheid toe vir die Sinode wat weer saamgeroep gaan word vir belangrike besluite.

Prof Piet Geyser, Redakteur

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by ernest.vaneck@up.ac.za om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by www.nhk.co.za te plaas.

Beroep ontvang

- **Ds Hennie Louw** van die kombinasie Carolina / Chrissiesmeer na Kampersrus.
- **Ds Gerrie Botha** van Viljoenskroon na Declerqville.
- **Ds Marlize Gasson** van Durban-Suid na Benoryn.
- **Ds Arno Nieuwhof**, beroepafwagtend, na die kombinasie Witbank / Witbank-Noord.

Beroep aanvaar

- **Ds Hennie Louw** van die kombinasie Carolina / Chrissiesmeer na Kampersrus.
- **Dr Adriaan Neele**, beroepafwagtend, na die Nederlandssprekende gemeente Eben Haëzer in Pretoria.

Beroep bedank

- **Ds Pierre Jacobs**, beroepafwagtend, na Oudtshoorn (deeltyds).

Vakante standplaas

- **Gemeente Oudtshoorn** beskik tans oor ’n **vakante deeltydse standplaas**. Die kerkraad wil graag van belangstellende predikante of emeriti hoor wat daar wil werk. Kontak die skriba, Antoinette Olivier, by 084 955 3106, of die konsulent, ds Ferdie Nortjé, by 044 871 2125 / 083 469 6862.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds Hannes Janse van Rensburg** en sy gesin is op Sondag 18 Januarie deur hulle nuwe gemeente, Zuurfontein, ontvang. Hy is deur dr Christo van der Merwe in sy amp bevestig. Ds Janse van Rensburg het voorheen die gemeentes Vaalwater, Onverwacht en Oos-Moot bedien.

- **Ds Joseph Steyn**, predikant van die Stella-kombinasie, het die naweek van 16 tot 18 Januarie die lidmate in Bulawayo besoek. Hy is vergesel deur sy vader, prof Das Steyn, ’n ouderling van Bloemfontein-Wes en sekunduslid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV). Die lidmate van die Stella-kombinasie en van ander kerke in die omgewing het die kosvoorrade voorsien en die reiskoste gedra.

- **Ds Johan Greyling**, predikant van Gemeente Tarlton, en een van sy lidmate besoek eerskomende naweek die lidmate in Harare. Ds Greyling was voorheen predikant van die gemeente en die lidmate sien daarna uit om hulle voormalige dominee weer te sien en te hoor preek.

- **Ds Gerhardt Kruger** en sy vrou is op Sondag 11 Januarie deur Gemeente Pretoria-Wes ontvang. Ds Kruger is by die geleentheid ook in sy amp bevestig. Hy sal die gemeente in deeltydse hoedanigheid bedien. Die gemeente was geruime tyd vakant sedert die vertrek van ds Hendrik Odendaal na Rietvallei. Ds Kruger het voorheen die gemeentes Cradock, Oudtshoorn en Kampersrus bedien.

- **Ds Johann de Bruin** en sy gesin is op Sondag 11 Januarie deur Gemeente Wonderboompoort ontvang en in sy amp bevestig. Hy het voorheen die gemeentes Witpoortjie, Brakpan en Heilbron bedien. Die gemeente was vakant sedert die vertrek van ds Willem Sauer na Groot Marico.

- **Ds Marius Venter**, wat medies ongeskik verklaar is, het op 8 Januarie na etlike rugoperasies ook ’n nekoperasie ondergaan. Hy sterk tans tuis aan. Ons wens hom sterkte en ’n volkome herstel toe.

- **Ds Piet Steenkamp,** wat ’n nuwe hart ontvang het nadat hy baie lank daarvoor gewag het, sterk tans aan. Hy is steeds in afsondering en sal eers na ’n paar weke besoekers mag ontvang. Die Kerk se voorbidding word vir hom en sy vrou gevra. Die Steenkamp-egpaar is deurentyd bygestaan deur ds Japie Coetzee, deeltydse predikant van Kemptonpark-Oos wat ook in diens is van die Johannesburgse hospitale.

- **Gemeente Olifantsfontein** se nuwe kerkgebou by Midstream is voltooi en word reeds vir eredienste gebruik. Die kerkgebou sal by ’n later geleentheid amptelik in gebruik geneem word.

- Die e-posadres van **Gemeente Kroonstad** het verander. Die nuwe e-posadres vir die gemeente en vir die skriba, skriba vir registrasie en kassier (mev Alta Venter) is nou altaben@vodamail.co.za. Lidmate kan dit gerus aanteken op bladsy 114 van die nuwe *Almanak.*

- **Beroepswerksaamhede** van verskeie gemeentes het reeds vanjaar op dreef gekom. Die gemeentes Benoryn en die kombinasie Witbank / Witbank-Noord het reeds beroep. Die volgende gemeentes beplan om in die nabye toekoms te beroep: Grootvlei, Glencoe, Joachim Prinsloo, Krugersdorp-Wes, Losberg, Newlands, Oos-Moot, Oudtshoorn, Swartkop en Welkom.

- **Gemeente Oos-Moot** sal vanaf Februarie ’n vakature vir ’n orrelis beskikbaar hê. Aansoeke met ’n volledige CV kan per e-pos gestuur word aan ds Stephan van Tonder by stephanvt@gmail.com**.** Skakel hom by 083 415 5677 vir meer inligting.

- **Gemeente Wonderboom** het ’n vakature vir ’n orrelis. Die gemeente hou slegs oggenddienste, met aanddienste by spesiale geleenthede. Die orrelis moet die sanggroep afrig vir optrede by spesiale geleenthede. Aansoeke met vermelding van ouderdom, kerkverband, kwalifikasies en ondervinding moet gerig word aan die skriba, Leon de Munnik, by Posbus 13599, Sinoville 0129 of wboom@nhk.co.za om hom te bereik teen 28 Februarie. Skakel die gemeentelike kerkkantoor by 012 567 3693, of mnr De Munnik by 012 567 4834, of ds Peet Esterhuizen by 012 567 6860 vir meer inligting.

- **Gemeente Weltevreden** hou op Saterdag 31 Januarie sy 10de jaarlikse padfietswedren. Dit is ’n hoogtepunt vir die gemeente en ’n gewilde geleentheid vir fietsryers aan die begin van die jaar. Drr Johan Beukes en Wouter van Wyk sorg vir al die reëlings.

- **Gemeente Ottosdal** se Draf-en-Trapfees vind op Saterdag 31 Januarie plaas. Hierdie halfmarathon is verlede jaar as die bes georganiseerde halfmarathon geklasifiseer deur die tydskrif *Runner’s World*. Dit is ’n groot gemeenskapsprojek waarin hardlopers kan meeding in wedlope van 42 km, 21 km, 10 km of 5 km. Dit vind in die aand plaas op ’n stil pad wat met fakkels verlig word. Dieselfde oggend kan fietsryers aantree vir ’n padfietsren van 100 km, 40 km of 10 km, of ’n bergfietsren van 40 km. Meer inligting is beskikbaar op die webwerf http://www.ottosdaldrafentrap.co.za. Algemene navrae kan gerig word aan Ian Swanepoel by 082 455 0411 of info@ottosdal.co.za, en navrae oor akkommodasie aan Linda Laas by 072 191 6481 *of* accommodation@ottosdal.co.za*.* Aanlyninskrywings asook inskrywings op die dag van deelname sal aanvaar word.

- **Gemeente Nelspruit** hou op Saterdag 31 Januarie die vierde Maroelafees op die kerkterrein in Belladonnastraat. Die fees begin reeds om 08:00 en sal tot laat aanhou. Toegang is gratis. Verskeie maroelaprodukte gaan uitgestal en te koop wees. Kontak Almarie van Rooyen by 083 465 7902 vir meer inligting.

ANDER NUUS

- **Dr Daan van Wyk (jr),** visevoorsitter van die Kommissie van die AKV, het op 11 Januarie by die amptelike opening van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Potchefstroom namens die Kerk en die Kommissie ’n groeteboodskap oorgedra.

- Die **Administrateur, mnr Kobus Viljoen,** het op 5 Januarie sy 62ste verjaardag gevier. Hy werk steeds met groot geesdrif en toewyding, en is bekend vir sy liefdevolle optrede teenoor predikante en ampsdraers van die Kerk. **Sy vrou, Gonda,** het op 20 Januarie verjaar. Die Kerk bid hulle seën en voorspoed toe.

- Die bekende **Blou Saal** op die derde vloer van die Dirk van der Hoffgebou word tans in drie kantore omskep. Die Diens van Barmhartigheid se werksaamhede sal in die toekoms daar gesetel wees. Die nuwe Raadsaal op die eerste vloer is geruime tyd reeds in gebruik.

- Nog ’n groot verandering by die Kerkkantoor is die verwydering van **drie groot palmbome** op die terrein. Die bome het vanweë ouderdom gevaarlik geraak en sou mense kon beseer en eiendom kon beskadig indien hulle sou omval. Sommige personeellede by die Kerkkantoor het al vir meer as 30 jaar die groei van die bome beleef.

- Die redaksies van die ***Almanak* en *Bybelse Dagboek*** skenk jaarliks ’n eksemplaar aan emeriti en weduwees van predikante. Blykbaar het sommige dit nog nie ontvang nie. Jaarliks raak talle daarvan in die pos weg, en daarom het ringskommissies verlede jaar gehelp om die boeke per hand te versprei. Emeriti en weduwees van predikante wat nog nie hul eksemplaar ontvang het nie, kan mev Karen Breedt by die kantoor van die skriba skakel, by 012 322 8885.

- Die volgende **vergaderings** vind in hierdie dae plaas:

  - Die Moderamen op Donderdag 22 Januarie.
  - Die bestuur van Die Ondersteuningsraad op Donderdag 22 Januarie.
  - Die Finansiële Komitee van Die Ondersteuningsraad en die ADV Dagbestuur op Vrydag 23 Januarie.
  - Die direksie van die Afrika Instituut vir Missiologie (AIM) en die Komitee vir AIM op Woensdag 28 Januarie.

- Die **Hervormde Teologiese Kollege (HTK)** open op Donderdag 29 Januarie om 10:00. Die geleentheid vind plaas by die kerkgebou van Gemeente Philadelphia. Dr Christo van der Merwe sal praat oor *Missionale Gemeentes*.

- **AIM se amptelike opening** vind plaas op Dinsdag 27 Januarie by die gebouekompleks van AIM op Klipdrift. Dr Kobus Labuschagne sal by die geleentheid praat oor *Calvyn en sending*.

- Die Ondersteuningsraad in Pretoria ondervind 'n groot behoefte aan **skoolbenodigdhede vir kinders**. Vanweë die swak ekonomiese toestande kan ouers nie meer self aan dié behoefte voldoen nie. Kontak Adri Bekker by 012 325 2320 of 083 979 5517 as u kan help.

- Die Ondersteuningsraad benodig dringend 'n persoon wat op **vrywillige** basis (as deel van sy/haar bydrae aan die Kerk) as **webmeester** die nodige verantwoordelikheid sal neem vir die instandhouding van hul nuwe webblad. Belangstellendes kan dr Charmaine Fourie kontak by 012 322 8885 of 071 684 7796, of per e-pos by oraadpb@nhk.co.za.

- Daar is 'n pos in die **Durban-omgewing** beskikbaar vir 'n **au pair** om te help met die versorging van drie kinders ('n seun van 10, 'n dogter van 6 en 'n seun van 4 jaar). 'n Huishulp sal die fisiese versorging van die huis en kinders hanteer, maar 'n manspersoon word benodig om die kinders na en van hul skole te vervoer, leiding te gee met tuiswerk en toe te sien dat hulle na-uurse aktiwiteite bywoon. Die dogtertjie is funksioneel gestrem en hoewel sy 'n gewone skool bywoon, het sy addisionele hulp met haar tuiswerk nodig. Die geskikte kandidaat moet verantwoordelikheid openbaar, goeie verhoudinge met kinders kan bou en oor 'n geldige rybewys beskik. Ondervinding en selfs 'n kwalifikasie in kinderversorging sal 'n sterk aanbeveling wees. Die suksesvolle kandidaat sal gratis inwoning in die pastorie en etes ontvang, asook 'n klein salaris. Dit is 'n ideale geleentheid vir 'n student wat 'n korrespondensiekursus volg, aangesien hy die oggende tot sy beskikking sal hê om te studeer. Belangstellendes kan 'n CV stuur aan mev Mariaan Steenkamp by faksnommer 012 322 5787 of mariaans@nhk.co.za. Die sluitingsdatum vir aansoeke is Vrydag 30 Januarie.

- Verskeie gemeentes doen navraag oor **CD's vir gemeentesangbegeleiding**. Daar is 'n opname van die volledige Liedboek met orrelbegeleiding by Bybel-Media beskikbaar. Dit kos R570 en kan bestel word via die volgende skakel van Bybel-Media:

  http://www.bmedia.co.za/component/page,shop.product_details/flypage,shop.flypage/product_id,188/category_id,77/manufacturer_id,0/option,com_virtuemart/Itemid,143/vmcchk,1/

  Hul telefoonnommer is 021 864 8200 en hul faksnommer 021 864 8282.

  Die ***Liedboek van die Kerk*** (opgedateer 2007) is van Mema-Media beskikbaar teen R570 (BTW ingesluit) vir nuwe gebruikers**.** Die aanbieding behels orrel en ensemble by sommige gesange. Dit is professionele begeleiding van 526 liedere uit die *Liedboek van die Kerk* bedoel vir sangbegeleiding. **Belangrik:** Gemeentes en individue wat die vorige stel gekoop het en nou die opgedateerde weergawe wil bestel, kry dit teen spesiale korting by NEBA-Begeleidings, Viljoenstraat 57, Potchefstroom 2531, faksnommer 081 294 8062, e-pos 20380623@puk.ac.za. Dit is 'n pakket wat bestaan uit 13 CD's: CD's 1 tot 11 is gewone CD's wat speelbaar is op enige CD-speler; CD 12 is al die liedere in MP3-formaat op een CD; CD 13 bevat belangrike inligting en 'n verwysingshulp om liedere te vind. Die handleiding is in Word-formaat en Word-Reader.

  Die Konservatorium vir Kerkmusiek het 'n CD beskikbaar met 30 snitte waarop ongeveer 60 liedere gesing kan word. Dit is geskik vir Bybelstudie en ander gemeentebyeenkomste. Dit kos R100 en is verkrygbaar van dr Elsabé Kloppers by kerkmusiek@nhk.co.za.

- **SENTIK** benodig die dienste van 'n **deeltydse Administratiewe Beampte / Sekretaresse** met ingang van 1 Maart 2009. Die posbekleër skakel daagliks met mense binne en buite die Kerk, en moet gemaklik op alle vlakke kommunikeer. Die ideale kandidaat is vertroud met Microsoft Office (Word, Excel, Outlook), tik vlot en verrig administratiewe take flink en akkuraat. Ervaring van sekretariële werk is 'n sterk aanbeveling, en kennis of ervaring van bemarking 'n bonus. Dit is 'n oggendpos (van 08:00 tot 13:00) en die vergoeding is markverwant. Belangstellendes kan mnr Piet Beukes (Hoof: Menslike Hulpbronne) by piet@nhk.co.za kontak, of dr Wouter van Wyk (Sekretaris: SENTIK) by wouter@nhk.co.za. Albei kan telefonies gekontak word by 012 322 8885.

- Daar word tans noodsaaklike instandhouding gedoen in die **Kerk se Argief** in die Dirk van der Hoffgebou. Gemeentes word versoek om nie voor 2 Maart enige argiefstukke na die Argief te bring nie, aangesien dit nie in hierdie stadium ontvang kan word nie. Dit sal ook waardeer word indien besoekers

vooraf met die argivaris, mnr Nándor Sarkady, by 012 322 8885 in verbinding sal tree voordat hulle die Argief besoek.

KOMMENTAAR

Baie dankie vir die *e-Hervormer* wat ek so gereeld ontvang. Dit is heerlik om nuus uit my "grootwordkerk" te lees! Tans is ek 'n lidmaat van die NGK Merweville (in die sentrale Karoo) en geniet veral artikels en berigte waarin Bybelse standpunte of opinies gelug word. Ek soek graag die positiewe ooreenkomste tussen die twee kerkgroepe en dis lekker om te weet dat die Bybel steeds rigtinggewend vir beide is. Baie dankie ook vir dr Gerhard Lindeque se voorbladartikel (*Reënboogkinders*) – dit is goeie motivering vir voluit leef in ons deurmekaar wêreld.

Mev Christel Botes

(Intussen het mev Cora van der Nest ook toestemming gevra om dr Lindeque se boodskap in hul gemeenteblad *Wingerdstokkie* te gebruik.)

Baie dankie vir die voorreg om die *e-Hervormer* te kan ontvang. Ek waardeer dit opreg en sal so ver ek gaan vir almal vertel en nog mense oorreed om ook in te teken. Hou aan met die goeie werk.

Philip Pretorius

(Daar is tans 1 004 intekenaars wat die *e-Hervormer* ontvang.)

ADVERTENSIES

Maklik speelbare musiek vir die erediens vir orreliste. Dit val mooi op die oor van die gemeente. Pryse vanaf R65 tot R110 (27 tot 67 bladsye per boek). Daar is 9 boeke beskikbaar. Kontak mev Babs Brouwer by tel / faks 018 294 3781, 083 306 4525 of babsbrouwer@mweb.co.za.

Op soek na 'n mooi geskenk? Oorweeg ons 4 pragtige CD's met meesal gewyde liedere, Kersliedere en ligte musiek. Dit is baie in aanvraag by die gewone lidmaat. Daar is gemiddeld 27 snitte per CD teen die lae prys van R80 per CD**.** Kontak mev Babs Brouwer by tel / faks 018 294 3781, 083 306 4525 of babsbrouwer@mweb.co.za.

Advertensies waarin 'n private individu of instansie die begunstigde is, kan in die *e-Hervormer* geplaas word, op die volgende voorwaardes:

- Dit bestaan uit teks alleen (geen grafika nie), en daar sal geen onderhandeling wees oor die uitleg daarvan nie.
- Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann by produksie@nhk.co.za, of per faks na 086 630 5153. Geen advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie.
- Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* verskyn elke Donderdag.
- Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. Daar kan 'n maksimum van drie agtereenvolgende plasings wees, of afgebroke een plasing per maand.
- Die koste is R100 per plasing, vir 'n maksimum van 50 woorde per advertensie.
- Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:

  Raad van Finansies
  ABSA Bank
  Tjekrekening nommer 020-000-287
  Takkode 632-005

  Verwysing: SENTIK Ads

AGTERBLAD

Bybelvasvra 2009

Die organiseerders van *Konteks Bybelvasvra 2009* wil opnuut die Bybel bekendstel. Dr Gert Malan se boekie *Om die Bybel (beter) te verstaan* vorm daarom vanjaar deel van die Vasvra se bestek. Die Bybel is meer as net feite. Dis God se Woord wat, deur die inspirasie van die Heilige Gees, na ons toe kom in mensewoorde. Ons weet daarom dat ons nie alles in die Bybel letterlik as God se Woord kan verstaan nie. Daar is kultuurgebonde uitsprake in die Bybel. Daar is uitsprake wat berus op verouderde wetenskaplike en weerkundige kennis, byvoorbeeld die wêreldbeeld. Daar is uitsprake wat van mekaar verskil. Watter uitsprake is nog steeds op ons van toepassing en watter nie? Deel 1 van dr Malan se boekie beantwoord hierdie en soortgelyke vrae oor die Bybel.

Die volledige bestek van die Vasvra van 2009 is dus soos volg:

LAERSKOOL

- Die boek Ester (saam met die *Belangrike gegewens* en *Oorsig* op bladsy 688 van *Die Bybel in Praktyk)*

HOËRSKOOL en JONG HERVORMERS

- Die boek Ester (en soos hierbo)
- Deel 1 van dr Gert Malan se boek *Om die Bybel (beter) te verstaan* (bladsye 1-30)

NASKOOL

- Die boek Ester (en soos hierbo)
- Deel 1 van dr Gert Malan se boek *Om die Bybel (beter) te verstaan* (bladsye 1-30)
- Skrifbeskouing van die Kerk: Memorandum van die Kommissie van die AKV. Bylaag in *Om die Bybel (beter) te verstaan* (bladsye 88-93)

Almal wat aan die Vasvra deelneem, kan gerus meer as net die boek Ester bestudeer. Agtergrondinligting vir 'n beter verstaan van die boek is ook te kry in *Die Bybel in Praktyk* en Die *Bybellenium Eenvolumekommentaar*.

Mag 2009 'n jaar van insig en verstaan wees! Lekker leer vir die Bybelvasvra!

Teks: Tessa Oppermann
Uitleg: Francis Coertse